TOESPRAAK DEUR FW DE KLERK
AAN DIE WOORDFEES
STELLENBOSCH
9 MAART 2015

MET LOF TOT DISKOERS, DEBAT EN ONDERHANDELING

Dit is 'n groot voorreg vir my om te kan deel neem aan hierdie jaar se Woordfees.

Die Woordfees - saam met feeste soos die Klein Karoo Nasionale Kunstefees en ander - lewer bewys van die lewenskragtigheid van Afrikaans as die taal waarin sewe miljoen Suid-Afrikaners van alle rasse dink, praat, skep en droom. Vir ons is ons taal een van ons kosbaarste erfenisse: dit is diep verweef met ons identiteit, ons menswaardigheid en ons lidmaatskap van die breër mosaïek van kulture van Suid-Afrika.

Dit is ook die taal waarin ons redeneer, debatteer en onderhandel - en dit is hierdie kenmerk van Afrikaans wat ek graag vandag wil vier.

Een van die belangrikste faktore wat ons van alle ander spesies onderskei is die feit dat ons ingewikkelde idees met mekaar kan uitruil. Ander lewende wesens kommunikeer wel - maar slegs op 'n baie eenvoudige wyse. Die mees intelligente spesies kan miskien 'n maksimum van 'n honderd idees kommunikeer.

Hulle het nie die vermoë om te onderhandel nie. Indien 'n rooibok 'n leeu teëkom, is daar selde ruimte vir bespreking - dit is vlug of dit is die dood. Wanneer twee elandbulle met mekaar meeding om die toegeneentheid van 'n groep elandkoeie te verkry, stop hulle nie om eers met mekaar te redeneer nie: hulle kom nie tot 'n vergelyking met mekaar en besluit dat elkeen drie koeie kan kry nie. Dit is alles of niks.

Die ontwikkeling van taal onder ons *homo sapiens*-voorouers het verskillende nuwe moontlikhede vir naasbestaan moontlik gemaak. Dit het beslis nie gelei tot die einde van fisiese konflik nie - maar dit het die vooruitsig vir 'n middeweg en samewerking moontlik gemaak.

En so was dit ook gewees vir die grootste deel van die mens se geskiedenis: daar was diegene wat konflik, mededinging en oorlog verkies het; en daar was diegene wat onderhandeling, naasbestaan en vrede gekies het. Soos dit in die boek Prediker gestel word, is daar 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou; 'n tyd om te swyg en 'n tyd om te spreek; 'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat; 'n tyd vir oorlog en 'n tyd vir vrede.

Ná twee verwoestende wêreldoorloë gedurende die vorige eeu het die pendulum uiteindelik begin swaai na opbou en praat, en weg van haat en oorlog.

Die menslike koste van konflik het net te groot en te werklik geword. Die ontwikkeling van kernwapens het beteken dat die mensdom die harde werklikheid in die gesig moes staar - die werklikheid dat daar eenvoudig geen ander opsie as vreedsame naasbestaan is nie.

Die uitbreiding van demokrasie na die grootste deel van die wêreld se bevolking, het ook bygedra tot die bevordering van debatvoering en onderhandeling bó konfrontasie en konflik. Dit is 'n interessante feit dat - sover my kennis strek - daar nog nooit 'n oorlog tussen twee ware egte demokrasieë gevoer is nie.

Nog 'n faktor wat vrede bevorder het is die rol en plek van die media - en nou ook sosiale media. 'n Mens wonder hoe lank die Eerste Wêreldoorlog sou voortgeduur het, indien die slagting by die eerste Slag van die Somme uitgesaai is in die huise van Britse, Duitse en Franse families met seuns in die loopgrawe?

Dit alles het gelei tot die feit dat die tydperk sedert die begin van die nuwe millennium die vreedsaamste tyd in menslike geskiedenis is. Ten spyte van die konflik in Sirië en Irak, is die persentasie van die wêreld se bevolking wat deur oorlog en konflik geraak word, baie kleiner as wat dit ooit was. Daar is natuurlik geen ruimte vir oorgerustheid en geen waarborg dat die mensdom nie weer na sy ou weë sal terugkeer nie - soos wat die situasie in Oekraïne ons nou laat besef.

Daar bestaan egter geen twyfel dat daar 'n paradigmaskuif plaasgevind het nie: die onaanvaarbare gevolge van oorloë waarby vernietigende wapens op ‘n massiewe skaal betrokke kon raak; die verbreding van demokrasie en die sleutelrol van die media, het aanleiding gegee tot 'n wêreld waar die balans na vrede verskuif het.

Dertig jaar gelede het byna alle kundige kommentators voorspel dat die toenemende konfrontasie in Suid-Afrika - tussen die Nasionale Party-regering en die stemlose swart, bruin en Indiese meerderheid - uiteindelik 'n verwoestende rasse-oorlog tot gevolg sou hê. In 1985, na afloop van PW Botha se Rubicon-toespraak, is die TV nuus wêreldwyd op 'n byna daaglikse basis deur beelde van toenemende konflik in die strate en townships van Suid-Afrika oorheers.

Kort daarna het Nelson Mandela, in sy sel in die Pollsmoor-gevangenis, tot die gevolgtrekking gekom dat - indien ons nie binnekort met dialoog begin nie - beide partye binnekort in 'n donker nag van onderdrukking, geweld en oorlog gedompel sal word. Sonder om aanvanklik goedkeuring van die ANC se hoofkwartier in Lusaka te verkry, het hy met die Suid-Afrikaanse regering in gesprek begin tree.

Die Suid-Afrikaanse regering het reeds tot 'n soortgelyke gevolgtrekking gekom. Die SAW het in die vroeë 80s daarop gewys dat daar, op die lang termyn, geen militêre oplossing vir die toenemende konflik in die land kon wees nie.

Nadat hy in 1978 Eerste Minister geword het, het PW Botha 'n ware hervormingsproses van stapel gestuur. Teen die middel 1980s was dit egter nie meer 'n kwessie van aparte

parkbankies en geïntegreerde sportspanne nie - dit was 'n kwessie van mag - of *Amandla*, soos die ANC dit gestel het. Die eenvoudige werklikheid was dat die hervorming van apartheid nie ons probleme sou oplos nie.

Inteendeel, hervorming het aanleiding gegee tot gevaarlik stygende verwagtings en het bygedra tot toenemende onrus en konflik - wat PW Botha gedwing het om briek aan te draai ten opsigte van sy hervormingsbeleid en om orde te herstel.

Die drakoniese Noodtoestand wat die regering in Junie 1986 afgekondig het, het drie doelwitte gehad: om orde te herstel; om dienste aan gemeenskappe te herstel; en om 'n omgewing te skep wat gunstig was vir onderhandelings.

Teen die laat 1980s het die leierskap van die Nasionale Party aanvaar dat apartheid nie hervorm kon word nie - en dat slegs die transformasie van ons samelewing tot 'n potensieel positiewe uitkoms vir al ons mense sou lei. In die eerste toespraak wat ek in Februarie 1989 gemaak het, nadat ek onverwags as leier van die Nasionale Party verkies is, het ek gesê:

> “Ons doel is 'n nuwe Suid-Afrika;
> 'n Suid-Afrika wat totaal verander sal word;
> 'n Suid-Afrika wat die vyandighede van die verlede afgeskud het;
> 'n Suid-Afrika vry van oorheersing of onderdrukking in enige vorm;
> 'n Suid-Afrika waarin die demokratiese magte - alle redelike mense - hulself skaar agter wedersyds aanvaarbare doelwitte en teen radikalisme, ongeag van waar dit mag kom.
> Hoe ons hierdie doelwit kan bereik, is die gemeenskaplike uitdaging waarvoor ons almal te staan kom.”

Teen September 1989 toe ek President geword het, was die Nasionale Party reeds tot fundamentele transformasie verbind. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat die beste vooruitsig - en inderdaad die enigste een - vir 'n positiewe toekoms vir ons en al die mense van Suid-Afrika, geleë was in die onderhandeling van 'n sterk grondwet wat die regte van alle Suid-Afrikaners sou beskerm.

Die ineenstorting van Sowjet-kommunisme het ons egter in staat gestel om die proses te bespoedig. Ons het besef dat die omstandighede vir 'n redelike grondwetlike skikking nooit weer so gunstig sou wees nie. Ons het dus sonder aarseling die geleentheid, wat die geskiedenis so onverwags aan ons gebied het, aangegryp.

25 Jaar gelede het ek die nou welbekende toespraak op 2 Februarie 1990 in die Parlement gelewer - ‘n toespraak wat al die oorblywende struikelblokke met betrekking tot die aanvang van onderhandelings vir 'n nuwe, nie-rassige Grondwet uit die weg geruim het; ‘n toespraak wat die ANC geen verskoning gelaat het om nie te onderhandel nie.

Die onderhandelingsproses wat daarop gevolg het was een van die suksesvolste demonstrasies van die mag van debat, dialoog en onderhandelings in die onlangse

geskiedenis. Dit het bewys dat konflik en irrasionaliteit oorkom kan word en nie noodwendig bepalend is vir die menslike lot nie.

23 politieke partye met wyd uiteenlopende filosofieë en geskiedkundige agtergronde het bymekaar gekom om 'n nuwe grondwet vir Suid -Afrika te beding. Dit was nooit maklik nie. Daar was deurentyd elemente aan alle kante wat geweld eerder as onderhandelings verkies het. 15 000 mense is dood tydens 'n bitter stryd tussen die ANC en die IVP.

In Junie 1992 het die ANC besluit om onderhandelings te laat vaar en die sogenaamde 'Leipzig-opsie' na te streef. Hul redenasie was dat, indien hulle miljoene mense in ons stede kon mobiliseer in 'n proses van rollende massa-aksie, die Suid-Afrikaanse regering in duie sou stort - nes die Oos-Duitse regering slegs drie jaar vantevore kort na soortgelyke massabetogings ineengestort het. Dan sou daar geen behoefte wees aan onderhandelings en die pynlike kompromieë wat dit altyd inhou nie.

Na die berugte Bisho-voorval het Suid-Afrika op die rand van 'n katastrofe gestaan. Gelukkig het wyser raadgewers in die ANC geseëvier. In September 1992 het Nelson Mandela die ANC na die onderhandelingstafel teruggebring. Teen Desember 1993 het ons ooreenkoms bereik oor 'n nuwe tussentydse nie-rassige Grondwet ingevolge waarvan die eerste ten volle demokratiese verkiesings op 27 April 1994 gehou is.

Twee jaar later, na verdere intensiewe onderhandelings, het ons ons finale Grondwet aanvaar. Dit is gegrond op die volgende waardes - wat ek graag volledig wil aanhaal omdat dit die wese van ons nuwe samelewing en die visie waarna ons almal moet streef, verteenwoordig. Hulle is:

- Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die bevordering van menseregte en vryhede;
- Nie-rassigheid en nie-seksisme;
- Die oppergesag van die grondwet en die heerskappy van die reg;
- Algemene stemreg vir volwassenes, 'n nasionale gemeenskaplike kieserslys, gereelde verkiesings en 'n veelparty-stelsel van demokratiese regering, om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en openheid te verseker.

Hierdie plus minus 50 woorde is die vrugte van ses jaar se besprekings, debat en onderhandeling. Dit waarborg ons vryheid; dit is die resep vir ons toekomstige sukses; dit is die beste hoop op geregtigheid, sekuriteit en voorspoed vir miljoene Suid-Afrikaners. Elke burger behoort dit sy of haar eie te maak. Hierdie woorde moet ten alle koste verdedig word, wanneer dit ookal bedreig word.

En tog is daar diegene wat sê dat dit sy doel gedien het tydens die sogenaamde eerste fase van ons politieke oorgang. Dit is dan kwansuis nie meer noodsaaklik of voldoende gedurende die tweede fase van die radikale hervorming van ons samelewing en ekonomie nie.

Sommiges, vervul met passie en bitterheid, verklaar dat die tyd vir versoening tussen swart en wit Suid-Afrikaners verby is - dat die tyd vir maatskaplike en ekonomiese stryd aangebreek het. Diegene het hul rug gedraai op diskoers, debat en onderhandeling. Hulle verkies konfrontasie en konflik. Hulle neem ons terug na die somber voorgevoel wat Nelson Mandela in sy sel in die Pollsmoor-gevangenis gehad het, dat "indien ons nie binnekort met gesprekvoering begin nie, beide partye binnekort in 'n donker nag van onderdrukking, geweld en oorlog gedompel sal word".

Daardie vrees is vandag net so geregverdig as wat dit in 1985 was. Daar is so baie dringende vrae waaroor ons Suid-Afrikaners met mekaar in gesprek moet tree en onder mekaar moet debatteer - vrae wat die onderwerp van 'n nuwe nasionale dialoog moet wees:

- Hoe gaan ons gelykheid bevorder? Is dit die beste plan om die bevoorregtes te ontneem van hul verworwe rykdom en om dit te verdeel onder die agtergeblewenes - of is die beste oplossing om vinnige en volhoubare ekonomiese groei te verseker?
- Hoe behaal ons ekonomiese groei? Moet ons die Nasionale Ontwikkelingsplan in werking stel - of moet ons konsentreer op die radikale tweede fase van die Nasionale Demokratiese Revolusie? Ons kan nie albei hê nie.
- Wat is die beste manier om benadeelde swart Suid-Afrikaners te bemagtig? Is dit om wit mense en ander minderhede te ontmagtig deur die toepassing van demografiese verteenwoordiging - of is dit om mense te bemagtig deur behoorlike onderwys, werkskepping en doeltreffende dienste?
- Is daar 'n plek vir nie-rassige Afrikaanse universiteite - of moet al ons universiteite die demografiese samestelling van ons samelewing weerspieël, soos deur ons Minister van Hoër Onderwys geëis word?
- Hoe sal ons ons demokrasie handhaaf in die lig van toenemende korrupsie en die manipulering van dié instellings wat ingestel is om grondwetlike regering te verseker en te verdedig?
- Wat hou die toekoms in vir ons kulturele en linguistiese minderhede? Moet hulle maar die *de facto* oplegging van Engels as die enigste amptelike, besigheids- en universiteitstaal aanvaar - of moet hulle daarop aandring dat, in ooreenstemming met die Grondwet, al ons amptelike tale billik behandel word en gelykheid van aansien geniet?
- Gaan ons steeds die internasionale tendens navolg om verskille vreedsaam te besleg deur onderhandeling en kompromie - of gaan ons terugkeer na die eeue-oue proses van vernietigende konfrontasie en konflik?

Hierdie - en baie ander - vrae behoort die onderwerp van intense nasionale dialoog te wees.

Ons het gedink dat opbouende diskoers in ons Parlement sou plaasvind. Dit is egter nou duidelik dat die Parlement nie meer 'n neutrale gebied vir rasionele en konstruktiewe debatvoering is nie. Ongelukkig is die verteenwoordigers in die Parlement nie verantwoordbaar teenoor die burgers wat hulle verkies het nie - maar aan hul onderskeie

politieke base. Die Speaker kan ook nie neutraal wees terwyl sy as Voorsitter van die regerende party dien nie.

Ons - die burgers - moet weereens die inisiatief neem en ‘n dinamiese nasionale debat aanvoor - ‘n debat oor hierdie en baie ander belangrike vrae wat die toekoms van ons land sal beslis. En terwyl ons dit doen moet ons hard en duidelik “nee” sê aan almal - van watter kant ookal - wat ons wil terug lei na konfrontasie en konflik.

Ons moet sterk standpunt inneem oor die fundamentele waardes wat in ons Grondwet verskans is. Ons moet weereens die fokus van ‘n intense debat plaas op die beste en mees realistiese manier om ons grondwetlike visie te verwesenlik - die visie van menswaardigheid, gelykheid en menseregte en vryhede vir alle Suid-Afrikaners.